

[26/05/2020]

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS VAN HOËRSKOOL PIONIER

Die Gedragskode van Hoërskool Pionier is meer as net die reëls, die regulasies en al die beleidsdokumente waarvolgens die daaglikse roetine in die skool gereguleer word. Dit is eerder die verwoording van die siel en die karakter van elke personeellid en leerling wat met trots aan hierdie skool verbind kan en wil word.

Vanaf sy totstandkoming in 1976 het die skool ontwikkel in, en word sy naam en prestasies gekoppel aan diegene vir wie uitnemende standaarde en prestasies in opvoeding en onderrig nie onderhandelbaar is nie. Dit is daarom belangrik dat elkeen wat hom met hierdie skool wil verbind, bewus sal wees van hierdie standpunt.

Die visie van die skool is eenvoudig: om as skool op so 'n wyse te funksioneer dat ons deurgaans as een van die bestes in die land op die gebied van opvoeding, onderrig en skoling gereken sal word.



Inhoudsopgawe

1.	Inleidend	1
2.	Doel	1
3.	Algemene reëls	2
4.	Covid 19 en bykomende gedragsvoorskrifte	4
5.	Klasreëls	4
6.	Geslotekringtelesiekameras.....	4
7.	Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag	5
7.1	Skooldrag	5
7.2	Voorkoms.....	6
8.	Sport- en buitemuurse aktiwiteite.....	7
9.	Skooleiendom	9
10.	Die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) en skoolleiers	10
11.	Skoolkennisgewings.....	10
12.	Skoolwerk en huiswerk.....	10
13.	Toetse en eksamens	11
14.	Motorvoertuie en motorfietse	11
15.	Stiptelikheid	11
16.	Afwesigheid van skool	11
17.	Omgewing.....	12
18.	Reëls met betrekking tot swangerskap.	13
19.	Vrystelling van bepalinge van die gedragskode	13
20.	Optrede by die oortreding van enige van die bepalinge van hierdie Gedragskode.	13
AANHANGSEL A		15
A.1 Daaglikse roetines.....		15



www.pionier.co.za

A.1.1	Algemene gedragsvoorskrifte.....	15
A.1.2	Betreding van die terrein.....	15
A.1.3	Kosgangers.....	16
A.1.4	Busvervoer	16
A.1.5	Algemene reëls onderhewig aan die COVID 19 invloed.....	16

1. Inleidend

Hierdie dokument is die gedragkode van Hoërskool Pionier, soos die beheerliggaam dit op 14 September 2018 bevestig en goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragkode geraadpleeg. Die gedragkode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragkode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing. Enige verkorte weergawe van hierdie dokument is onderhewig aan die inhoud hiervan.

Die koshuis van die skool en al sy inwoners vorm deel van die totale skoolopset en funksioneer onderhewig aan die gedragkode van die skool. Die koshuis se eie ordereëlings het die bedoeling om die daaglikse goeie orde en roetine daar te reguleer. Enige sodanige reëlings is in geheel onderhewig aan die Gedragkode van die skool.

Geen wysigings of uitsluitings aan hierdie, of enige amptelike verkorte weergawe van gedragsreëls van die skool, mag aangebring word sonder die toestemming van die beheerliggaam nie.

2. Doel

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dít aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragkode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die doel van hierdie gedragkode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.

Die gedragkode onderskryf die skool se missiestelling. Die Christelike Geloof en die waardestelsel daaraan gekoppel vorm die basis en die benadering tot die hantering en skoling van elkeen wat deur hierdie skool aangeraak word. Die skool se waardepilare naamlik Respek, Omgee, Geloof, Eerlikheid en Regverdigheid is die fokus van ons opvoedingsbenadering.

Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragkode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragkode en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragkode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.



3. Algemene reëls

Hoërskool Pionier se leuse: “Geloof, Lewenskrag en Vooruitgang” is die rigsgnoer van ons Christelike en nasionale beginsels. Die skool (en daarby ingesluit die koshuis as die alternatiewe ouerhuis van ons kosgangers) se bedoeling is om sy leerders so te begelei dat dit uiteindelik ook die waardes van hulle eie lewens sal wees.

- 3.1 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra.
- 3.2 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel.
- 3.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hofflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.
- 3.4 In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.
- 3.5 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.
- 3.6 Leerders mag nie in die klaskamer, saal of biblioteek eet of drink nie.
- 3.7 Die kleedkamers en toilette op die skoolterrein is vir die ordelike en toepaslike gebruik deur die personeel, leerlinge en besoekers beskikbaar. Die mans- en/of damesfasiliteite is vir die uitsluitlike gebruik deur daardie geslag. Geen persone van die teenoorgestelde geslag mag die ander se kleedkamers betree, besoek of gebruik nie.
- 3.8 Selfoongebruik vir privaatdoeleindes is beperk tot pouses. Selfone mag egter as deel van onderrig en met die toestemming en onder toesig van die onderwyser gebruik word. In noodgevallen mag selfone met die toestemming van die skoolhoof gebruik word. Selfone wat afgeneem word, word in die skoolkluis vir een kalendermaand bewaar.
- 3.9 Die rol en gebruik van Inligtingstegnologie en alle fasiliteite daarby betrokke op die skoolterrein word volledig in 'n Beleidsdokument (*Beleid oor inligtingstelsels en sosiale media*) uiteengesit. Dit word van elke leerling en ouer verwag om hiervan 'n studie te maak ten einde ingelig te wees oor die korrekte gebruik en die aanvaarding van verantwoordelikhede in die verband.



- 3.10 Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels, dwelmmiddels of verbode (onwettige) opkickers op die skoolterrein en gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode. Hierdie sluit ook die besit en/of gebruik van elektroniese sigarette (*vapes*) in.
- 3.11 In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word en dus sal die deursoeking diskreet (of privaat in die teenwoordigheid van nog 'n persoon van dieselfde geslag) deur persone van dieselfde geslag en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon of persone geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.
- 3.12 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
- 3.13 Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
- 3.14 Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie, tot:
- optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
 - die besit, dreigement met of gebruik van gevaarlike wapens;
 - die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol, bedwelvende middels of onwettige opkickers van enige aard;
 - bakleiery, aanranding of mishandeling, wat insluit die toedien van lyfstraf en/of aggressiewe fisiese kontak as deel van enige inlywings-, ontheffings- of inburgeringspraktyke;
 - onsedelike gedrag of 'n gevloek;
 - die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;
 - enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
 - diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;
 - onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skool eiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;
 - oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of -leerders;
 - herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
 - strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
 - viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders;



- die oortreding van toets- en eksamenreëls; en
- opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

3.15 Leerders wat ordepunte volgens die stelsel ontvang het se ouers of voogde sal, afhangende van die graad van kategorie van punte toegeken, per SMS of e-pos deur die kommunikasiestelsel van die skool of deur 'n amptelike skrywe daarvan verwittig word.

4. Covid 19 en bykomende gedragsvoorskrifte

Die uitbreek van hierdie pandemie noodsaak die skool om bykomende gedragsvoorskrifte deel van die algemene daaglikse roetinevoorskrifte vir leerders en besoekers van die skool te maak. Anders as ander algemene dissiplinêre ordereëlins is die nakoming van hierdie voorskrifte ook daarop gemik om die lewens van ander op die terrein te beskerm. Daar sal dus verwag word dat die voorskrifte hierby ingesluit te alle tye streng nagekom sal word.

AANHANGSEL A by hierdie dokument bevat algemene inligting rakende roetineoptredes asook die invloed van die huidige situasie op ander gedragsvoorskrifte en reëls wat deel is van Die Gedragskode vir Leerders van Hoërskool Pionier. Hierdie geld ook onveranderd vir leerlinge wat kosgangers is.

Die inligting en voorskrifte in hierdie aanhangsel sal aangepas word onderhewig aan tersake besluite en voorskrifte deur die regering en die onderwysdepartement en namate die aanpassings in die blootstellingsvlakke soos deur die regering vasgestel.

5. Klasreëls

- 5.1 'n Eenvormig stel gedragsreëls vir die klaskamer geld in die skool, en is in elke klaskamer aangebring.
- 5.2 Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.
- 5.3 Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

6. Geslotekringtelevisiekameras

- 6.1 Die skool beskik oor 'n stelsel van geslotekring kameras wat in al die klaskamers van die skool, op strategiese punte op die stoepe en terrein, die skoolsaal en die administratiewe kompleks aangebring is. Al die kameras, behalwe dié op die terrein, is ook met 'n klankbaanopsie toegerus. Die stelsel voer na 'n beheersentrum in die administratiewe kompleks wat toegerus is met monitors. Die stelsel berg ook inligting vir 'n bepaalde tyd en het 'n data aflaafunksie. Toegang tot die stelsel en inligting is beperk. Kennisgewings ten opsigte van die teenwoordigheid van so 'n stelsel is orals sigbaar in lokale en op die terrein aangebring.



6.2 Die skool se beleid oor die teenwoordigheid en aanwending van die geslotekring kamerastelsel omskryf volledig die funksies en aanwending van die stelsel.

7. Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag

7.1 Skooldrag

7.1.1 Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite soos wat die beheerliggaam bepaal, gedra word.

7.1.2 Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees. Wat onderhemde betref, mag seuns slegs 'n effekleurige, wit onderhemp dra wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie.

7.1.3 Kleredragreëls:

Seuns: Wintersdrag (*Formele drag*): Pionier skoolhemp (met wapen ingeweef), Pionier skoolbaadjie en das, Pionier skooltrui (oortrek òf langmou), grys lang skoolbroek met swart of grys lyfband. Pionier skoolkouse.

Formele drag is voorskriftelik vir alle formele skoolfunksies. Andersins mag seuns die skooldas en langmoutrui dra sonder 'n skoolbaadjie.

Somersdrag: Pionier skoolhemp met wapen ingeweef. Pionier oortrektrui. Grys kort òf lang skoolbroek. Pionier skoolkouse.

Op koeler dae mag die skooldas en langmoutrui gedra word saam met 'n lang broek.

Sport: Die voorgeskrewe sportdrag soos per sportkode sal te alle tye gedra word.

Lyfbande: Enkelkleur swart of grys (in die kleur van die skoolbroek) lyfbande mag gedra word. Gespes wat oordadig groot buite verhouding met die lyfband is, is verbode.

Skoene: Netjiese swart gladdeler skoene sonder skerp punte (geen stewels nie). Aangesien daar so 'n wye verskeidenheid skoene in die mark beskikbaar is, rus die onus op die leerder en die ouers of voogde om hulle by die vervanging van skoene daarvan te vergewis of die nuwe skoene aan die skool se standarde sal voldoen.



Dogters: Wintersdrag (*Formele drag*): Pionier skoolrok met wapen, Pionier skoolhemp (met wapen ingeweef), Pionier skoolbaadjie met das, Pionier skooltrui (oortrek òf langmou), lang blou skoolkouse òf blou sykouse (bobby socks) òf blou skool langbroek.

Formele drag is voorskriftelik vir alle formele skoolfunksies.

Somersdrag: Skoolrok met wapen, Pionier skoolhemp, Pionier oortrektrui, Pionier skoolbaadjie (sonder das met hemsakraag oor baadjiekraag), blou kort (òf lang) skoolkouse (Geen das by kort kouse nie).

Op koeler dae mag die langmoutrui by die skoolrok gedra word.

Skoene: Netjiese standaard gladdeleer skoolskoene (toeryg of voetbandjie). Geen aanglipskoene. Aangesien daar so 'n wye verskeidenheid skoene in die mark beskikbaar is, rus die onus op die leerder en die ouers of voogde om hulle by die vervanging van skoene daarvan te vergewis of die nuwe skoene aan die skool se standarde sal voldoen.

Sport: Die voorgeskrewe sportdrag soos per sportkode sal te alle tye gedra word.

7.1.4 Geen musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.

7.1.5 Die beheerliggaam kan na goeddunke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede burger-/gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

7.2 Voorkoms

7.2.1 Hare

Dogters

- Haarkleur moet natuurlik vertoon. Ligstrepe wat natuurlik by die haarkleur inpas mag aangebring word.
- Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word.
- Slegs haarbykomstighede (linte, kammetjies en bolletjies) wat by die skool se kleure pas en wat goedgekeur is, mag gedra word.
- Hare moet, wanneer van toepassing, netjies en stewig vasgemaak wees.

Seuns

- Hare moet kort en netjies geknip wees.
- Die gedeelte om die ore moet skoongeknipt wees. Hare mag nie aan die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.



- Wanneer die hare voor afgekam word, mag dit nie die wenkbroue raak nie.
- Hare mag nie stomp (poenskop) oor die kop gesny word nie. Hare mag ook nie glad teen die kopvel in enige snit gesny word nie.
- Wangbaard (“sideburns”) kan tot by die middel van die oor strek.
- Hare moet agter en aan die kante van die kop reëlmatig opgesny word. Die lengte van hare moet kort genoeg wees om nie in ‘n vuigreep bo-op die kop vasgevat te kan word nie
- Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan, of onnatuurlik gestyl word om so te staan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie.
- Haarstyle wat onder uitgeskeer of -geknip word, oftewel “undercuts”, is verbode.
- Die kleur van hare is verbode.

7.2.2 Juwele

- Geen juwele, soos ringe, toonringe, enkelbandjies, armbande (rekkies óf leer) of kettings, word toegelaat nie.
- Slegs polshorlosies word toegelaat. Horlosies in kettings om die pols is verbode.
- Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode. Wat oorringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of standaard- goue of silwer ringetjie per oor gedra word en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is.
- Geen steentjies van enige aard word toegelaat nie.

7.2.3 Naels

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Vals naels is verbode.
- Slegs kleurlose naellak mag gedra word.

7.2.4 Grimering

- Geen maskara, oogomlyner of blosser word toegelaat nie.
- Leerlinge wat om mediese redes van velbeskerming gebruik moet maak, moet skriftelik daarvoor by die hoof aansoek doen.

7.2.5 Tatoeërmerke

- Enige tatoeërmerke mag nooit sigbaar wees by enige amptelike skool- of sportdrag nie. Permanente oogomlyning of die aanbring van permanente wenkbroue by dogters is verbode.

8. Sport- en buitemuurse aktiwiteite

8.1 Deelnemers aan sport- en buitemuurse aktiwiteite

- #### 8.1.1 Leerders wat gekies word om die skool as deelnemers in enige sport- of ander buitemuurse aktiwiteite te verteenwoordig, moet gedurende deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag vir daardie sportsoort geklee wees. Na afloop van



deelname, en na gelang van die omstandighede, verklee leerlinge in skooldrag of ander voorgeskrewe drag soos deur die opvoeder wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is bepaal.

- 8.1.2 Alle leerders wat aan voormelde aktiwiteite deelneem, sal lojaal wees teenoor die skool en mededeelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Leerders wat gekies is om die skool in 'n aktiwiteit te verteenwoordig kan slegs van bywoning verskoon word indien 'n skriftelike verskoning vooraf aan die sport- of kultuurhoof oorhandig word. Onvermydelike afwesigheid van 'n aktiwiteit sal slegs verskoon word indien die sport- of kultuurhoof nie later nie as drie dae na afloop van die betrokke aktiwiteit 'n skriftelike verskoning ontvang.
 - 8.1.3 Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:
 - 7.1.3.1 die sporthoof en die opvoeder wat by die bepaalde sport betrokke is;
 - 7.1.3.2 die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit; en
 - 7.1.3.4 die spankaptein.
 - 8.1.4 Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.
 - 8.1.5 Leerders word aangemoedig om aan ten minste een winter- en een someraktiwiteit deel te neem.
- 8.2 Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitemuurse aktiwiteite
- 8.2.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.
 - 8.2.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), ander skoolleiers, of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.



8.2.3 Bostaande reëls geld ook enige deelname aan enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

8.2.4 Tensy anders gereël, woon leerlinge as toeskouers of ondersteuners van buitemuurse aktiwiteite sulke geleenthede in voorgeskrewe skooldrag by.

9. Skooleiendom

9.1 'Skooleiendom' sluit die volgende in:

9.1.1 Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue

9.1.2 Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word

9.2 Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word.

9.3 Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraf toestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.

9.4 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.

9.5 Leerders mag nie enige skooleiendom beskadig, skend of vernietig nie. Enige leerder wat enige skooleiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding.

9.6 Enige boeke of materiaal wat deur die skool aan leerders verskaf word, bly die eiendom van die skool en moet weer aan die skool terugbesorg word.

9.7 Indien 'n leerder versuim om handboeke of materiaal wat aan die skool behoort terug te besorg, sal geen nuwe boeke of ander materiaal verder aan sodanige leerder uitgereik word nie, tensy die boeke of materiaal wel ingehandig word, vervang word, of daarvoor betaal word. Indien 'n leerder die skool verlaat sonder om sulke boeke of materiaal terug te besorg, sal geen oorplasingssertifikate of lêers oorhandig of aangestuur word nie.

9.8 Boeke word in 'n bruikbare toestand verskaf en moet, behalwe die natuurlike verwerking daarvan, in dieselfde toestand en volgens die voorgeskrewe roetine terug gehandig word. Boeke wat verlore geraak het, of onbruikbaar verniel is, moet deur die betrokke leerder vervang word.



9.9 Ten einde boeke en studiemateriaal na behore te beskerm word van elke leerder verwag om 'n geskikte boeketas vir hierdie doeleinde te voorsien.

10. Die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) en skoolleiers

10.1 Die VRL en skoolleiers is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skoordisipline.

10.2 VRL-lede en ander skoolleiers moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna lynfunksies gevolg sal word.

10.3 Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die VRL of 'n ander skoolleier gehoorsaam en moet die VRL en ander skoolleiers ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

11. Skooldiensgewings

11.1 Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool vir dié doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig, en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien.

12. Skoolwerk en huiswerk

12.1 Daar sal te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.

12.2 Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.

12.3 Dit is elke leerlinge se eie verantwoordelikheid om toe te sien dat huiswerkopdragte volledig gedokumenteer word.

12.4 Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy/haar ouers met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig. Leerders wat amptelike werkstukke laat of nie inhandig nie, word volgens die voorgeskrewe beleid wat hierop betrekking het gepenaliseer.

12.5 Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word.

12.6 Leerders wat om watter rede ookal werk misgeloop het, is verplig om daardie werk so spoedig moontlik in te haal. Dit is die verantwoordelikheid van die leerder self om uit te vind watter werk gemis is.

12.7 Tydens enige wisselings word dit van alle leerders verwag om so vinnig as moontlik, sonder onnodige versuim en met die kortste moontlike roete na die volgende punt te beweeg. Gesels in groepe of kleedkamerbesoeke gedurende klasruilings is nie toelaatbaar nie.



13. Toetse en eksamens

- 13.1 Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers van die betrokke leerder op die vroegste moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare mediese sertifikaat of begrafnisbrief aan die skoolhoof oorhandig.
- 13.2 Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.

14. Motorvoertuie en motorfietse

- 14.1 Leerders mag nie motorvoertuie of motorfietse op die skoolterrein bring nie, tensy hulle oor die nodige rybewys daarvoor beskik en vooraf skriftelike toestemming van die skoolhoof of 'n ander personeellid wat deur die skoolhoof genomineer is, verkry het nie en tensy hulle stiptelik aan enige voorwaardes voldoen waaraan gemelde toestemming onderhewig kan wees.
- 14.2 'n Toegangsperrmit sal dan aan sodanige leerlinge verskaf word wat te alle tye vir kontrole beskikbaar moet wees. Indien 'n leerder nie in besit is van sodanige toestemming of perrmit wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of VRL of 'n skoolleier versoek word om dit te toon nie, sal daar aanvaar word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming of perrmit beskik nie, totdat hy/sy die teendeel kan bewys.
- 14.3 Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder sodat dit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.
- 14.4 Leerders sal te alle tye die verkeersreëls op en om die skoolterrein nakom.
- 14.5 Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.

15. Stiptelikheid

- 15.1 Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan.

16. Afwesigheid van skool

- 16.1 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool. Leerlinge wat om watter rede ookal die skoolterrein tydens skooltyd wil verlaat, moet die nodige toestemming daarvoor verkry en op die voorgeskrewe wyse uitgeteken word. Hierdie behels dat 'n uittekenstrokie by die kantoor verkry moet word wat volledig ingevul moet word en dan na die skoolhoof, of sy/haar verteenwoordiger geneem moet word vir finale goedkeuring. Leerlinge wat so die terrein wil verlaat moet in die voorportaal van die skool wag om finaal deur die administratiewe personeel uitgeteken te word.



- 16.2 Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraai beskou, wat streng verbode is.
- 16.3 Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien 'n brief deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om 'n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word.
- 16.4 Afwesighede tydens eksamens en kontroletoetse moet deur die ouers of voogde van betrokke leerlinge skriftelik of met gegronde bewyse bevestig word. Na gelang die omstandighede moet die afwesigheid bevestig word met 'n brief deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of, in die geval van dood of trauma in die gesin, met 'n gegronde bevestiging van die omstandighede deur die ouers of gevolmagtigde van die gesin. Die skoolhoof neem die finale besluit oor die aanvaarbaarheid, al dan nie, van die versoek.
- Leerders moet besef dat sulke afwesigheid gevolge kan hê in die bepaling van enige prestasie erkennings deur die skool.
- 16.5 Geen leerling mag gedurende skoolure die terrein verlaat sonder die toestemming van die hoof of, in sy afwesigheid, die adjunkhoof nie. Hierdie toestemming geskied deur middel van 'n verlofbriefie waarmee die betrokke vakonderwysers ook van die voorgenome afwesigheid ingelig word. Nadat die verlofbriefie die amptelike rondte gedoen het, word daar by die sekretaresse uitgeteken en, indien van toepassing, weer teruggeteken. Slegs in uitsonderlike gevalle volgens die diskresie van die hoof sal ouers of voogde toegelaat word om 'n leerling sonder hierdie verloop uit te teken.
- 16.6 Leerlinge wat afwesig aangeteken word se ouers of voogde sal per SMS deur die kommunikasiestelsel van die skool daarvan verwittig word.
- 16.7 Leerlinge wat op die laaste dag van die kwartaal afwesig is, se rapporte word deur skool teruggehou totdat daar voldoende bewys van die wettigheid van sodanige afwesigheid voorgelê kan word. Rapportte sal in sulke omstandighede slegs aan die ouers of voogde van sodanige leerlinge oorhandig word.
- 17. Omgewing**
- 17.1 Leerders het die reg op 'n veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding.
- 17.2 Leerders mag nie die skoolgronde of -geboue bemors nie.
- 17.3 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein wat hulle beset netjies en skoon agterlaat en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
- 17.4 Leerders moet toilette skoon agterlaat.



- 17.5 Enige optrede of versuim deur leerders wat 'n gesondheidsgevaar vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
- 17.6 Geen slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate en dergelike dinge mag sonder die toestemming van die skoolhoof op enige oppervlak by die skool aangebring word nie.
- 17.7 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die VRL of 'n ander skoolleier met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

18. Reëls met betrekking tot swangerskap.

- 18.1 'n Dogter wat gedurende die akademiese jaar swanger word, of 'n seun wat by 'n swangerskap betrokke is, sal volgens departementele beleid hanteer word. Die leerder(s) sal tydens die swangerskap nie toegelaat word om aan enige sosiale- of sportaktiwiteite deur die skool gereël, deel te neem nie. Hierdie optrede is daarop gemik om hulle in staat te stel om hulle swangerskapsverpligtinge te kan nakom.

19. Vrystelling van bepalinge van die gedragskode

- 19.1 Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.
- 19.2 Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.
- 19.3 Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.
- 19.4 In die oorweging van 'n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir 'n regverdigte beoordeling van die aansoek kan nodig ag.
- 19.5 Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg en die leerder skriftelik van sy besluit inlig.
- 19.6 Behalwe in omstandighede hierbo uiteengesit sal enige leerling van die skool vrystelling van betrokke bepalinge van die gedragskode ontvang.

20. Optrede by die oortreding van enige van die bepalinge van hierdie Gedragskode.

- 20.1 In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode of die skool se koshuisreëls sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word. In sulke gevalle word detensiepunte aan leerlinge toegedien wat volgens die Strafbeleid van die skool hanteer word.



NOTA: Die Beleidsdokumente waarna in hierdie Gedragskode verwys word, is ter insae by die skool beskikbaar of kan op die Kommunikeerder onder *Bronne* gevind word.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE ____ DAG VAN _____

Beheerliggaamvoorsitter

As getuie

As getuie

Skoolhoof

As getuie

As getuie



AANHANGSEL A

Die uitbreek van die COVID 19 pandemie en die gevolge daarvan plaas die skool in die posisie dat optrede en roetines van so 'n aard moet wees dat enige persoon as besoeker, leerlinge, personeel en werkers sodanig beskerm moet word dat daar in 'n veilige omgewing skoolgegaan en gefunksioneer kan word. Vanweë die aard en omvang van die situasie is die reëlins en roetines soos hieronder uiteengesit bindend en verpligtend vir enige persoon wat die terrein betree.

A.1 Daaglikse roetines

A.1.1 Algemene gedragsvoorskrifte

- Vermy alle direkte kontak met ander persone. Vermy om in groepe bymekaar te kom.
- Dra jou gesigsmasker op die korrekte wyse te alle tye. Hierdie masker moet na elke gebruik ontsmet en gewas word.
- Hou te alle 'n afstand van minstens 1½ meter van enige ander persone in jou omgewing
- Bly tuis indien jy olik voel. Dit is ook jou verantwoordelikheid om, indien jy gedurende die skooldag begin olik voel, dadelik die onderwyser of die skoolkantoor in kennis te stel.
- Was jou hande gereeld en deeglik vir ten minste 20 sekondes veral nadat jy die toilet gebruik het, aan enige kos geraak het of as jou hande sigbaar vuil is. Ontsmet die krane of oppervlak met die beskikbare ontsmettingsmiddel. Moenie mors nie!
- Moenie aan jou oë, mond of neus vat tensy jou hand deeglik gewas of ontsmet is nie.
- Hoes of nies in die buig van jou arm of in 'n sneesdoekie (wat dadelik weggegooi moet word).

A.1.2 Betreding van die terrein

Die terrein en geboue van die skool word daaglik hiigiënies behandel en ontsmet soos deur die staatsregulasies voorgeskryf. Die roetines vir enige betreding van die skoolterrein is as volg:

Dorpsleerlinge, alle ouers en besoekers

- Toegang en uitgang van die terrein vind slegs deur die hoofhek plaas. Alle toegang is te voet, behalwe in die geval van leerlinge wat van eie vervoer gebruik maak en ouers of besoekers wat vanaf die kantoor toestemming moet verkry om die terrein per voertuig te mag betree.
- Voetplakkers dui die wagspasies aan vir persone wat deur die hek wil beweeg.
- Leerlinge wat van privaatvervoer gebruik en wat die nodige plakker vertoon om op die terrein te mag parkeer maak volg die hekprosedures en parkeer op die busparkering.
- Geen ouers of besoekers sal op die terrein toegelaat word nie, tensy u deur die hoof vanaf die kantoor toegelaat word.



- 'n Toegangsregister word ingevul en elke persoon se liggaamstemperatuur word geneem en aangeteken. Enige persoon wat 'n temperatuur bo 38 grade registreer sal nie op die terrein toegelaat word nie. Ouers wat leerlinge aflaai word versoek om te wag totdat u kind toegang tot die terrein verkry het.
- Leerlinge wat toegang tot die terrein verkry het beweeg onverwyld na die skoolsaal. Toegang tot die res van die gebouekompleks is verbode. Volg hier die rigtingaanduidings en instruksies.
- Tydens hierdie prosedure word temperature weer gemeet en elke leerling aangeteken. Verskaf asseblief alle inligting verlang. Eers na afloop van hierdie prosedures mag die res van die gebouekompleks betree word.
- Enige persoon wat hier verdag getoets word, word dadelik in kwarantyn geplaas. Ouers sal in kennis gestel word met die versoek dat sodanige leerling(e) dadelik afgehaal word.

Kosgangers

- Beweeg onverwyld na die skoolsaal vanaf die koshuis en volg die toegangsprosedure soos aangedui.

A.1.3 Kosgangers

Kosgangers is streng onderhewig aan al die betrokke reëlings soos vir die koshuis. Tersake bykomende reëlings soos deur die koshuis vasgestel sal met kosgangers kommunikeer word.

A.1.4 Busvervoer

Die vervoer van leerlinge en enige ander personeel vir amptelike doeleindes sal geskied volgens die regulasies soos deur die staat vir COVID 19 vasgestel.

- Skoolbusse mag slegs tot 50% van hulle gelisensieerde passasierskapasiteit vervoer, terwyl sedanmotors slegs tot 60% van hulle kapasiteit mag vervoer.
- Temperature sal tydens opklim en afklim van die bus gemeet en aangeteken word. Leerlinge wie se temperatuur bo 38 grade registreer sal nie op die bus toegelaat word nie.
- Alle passasiers moet te alle tye 'n gesigsmasker dra.
- Alle passasiers se hande moet tydens opklim en weer tydens afklim met die ontsmettingsmiddel wat voorsien word ontsmet word.

A.1.5 Algemene reëls onderhewig aan die COVID 19 invloed.

In die lig van die invloed van die grendelstaatsituasie op die daaglikse omstandighede maak die skool voorsiening dat daar sekere van die gedragsreëls van die skool beïnvloed gaan



word. Ongeag hiervan sal dit steeds van elke leerling verwag word om te alle tye netjies te vertoon.

- Voorkoms van seuns en dogters: Haarkappers mag onder die huidige omstandighede nie hulle dienste verskaf nie. Dit sal daarom nie van leerlinge verwag word om in hierdie opsig by die skoolreëls te hou nie. Indien leerlinge wel hulle hare kon sny sal verwag word dat dit volgens die normale reëlvoorskrifte gedoen sal word.